# NUUS Krummels



## Hoeveel keer nog?

Gelowiges. Inc.

OORGEE OMGEE AANGEE

Lourensrivier-Strand

18 Junie '26

# Voorbidding

- Doempie Steyn
- Deon Dixon
- Langie Langenhoven
- Chris Bester
- Gideon Theart
- Detlev Traut
- Danie Volschenk
- Die Wessels familie - Mia-Miri(6)
- Yvonne Horn
- Alta Langenhoven

- Ons hart gaan uit na alle ander siekes en anonieme gebedsversoeke.
- Spesiale voorbidding vir Huis Jan Swart se inwoners en personeel.
- Aan almal wat die afgelope tyd 'n geliefde aan die dood moes afstaan. Ons harte voel saam met julle seer. Ons bid dat God se troos, vrede en liefde julle sal omvou en versterk in hierdie moeilike tyd.
- Bid asseblief vir die haweloses.

## NEEM asb. KENNIS:

Ds. Derick Boonzaaier sal met Sabbatsverlof wees vanaf ***23 Junie tot en met 22 Julie '26.*** Dié is ontwerp aan diepgaande rus, vaardigheidsontwikkeling/persoonlike projekte. Hy sal dus op geen manier beskikbaar/gekontak kan word/wees gedurende die tydperk nie.

***Graag wil ons dan ook baie dankie sê vir Ds. Willem Botes wat dan sal instaan gedurende hierdie tydperk.***

BID sonder ophou

Ons nooi julle hartlik uit om saam met ons in gebed te tree voor die Erediens in die Gebedskamer.
Elke Sondag 08:30 - 08:55

Lourensrivier-Strand

# Hoeveel keer nog?

**... voordat jy die Here raaksien?**

**Hoeveel keer moet die Here nog aan jou hart klop en jou vra om vir Hom oop te maak om in jou te kom woon? Daardie dae wat jy weet jy weerstaan hom, maar jy is te bang omdat daar so bietjie vrees is oor wat Hy van jou gaan verwag?**

**Hoeveel keer moet Hy Homself nóg openbaar in die natuur? Daardie tye wat jy jou verwonder aan die ongelooflike mooi kleure na 'n bui reën, en daar boonop 'n reënboog verskyn wat jou herinner aan sy belofte dat Hy ons nie weer sal uitdelg nie.**

**Hoeveel keer nog gaan jy Hom as Skepper misken as jy 'n pasgebore babatjie in jou arms hou, daardie onbeskryflike reuk van die poeier op 'n volmaakte wesentjie wie se lewetjie wonderbaarlik tot stand gekom het. Wanneer jy wonder hoe daai kindjie dit regkry om self asem te haal die oomblik na geboorte. Hoe kan dit jou nie in verwondering laat nie?**

**Hoeveel keer wil jy die Here uit die prentjie laat as 'n byna onverstaanbare wonderwerk op jou pad gekom het? Daardie onverwagse oproep vir 'n nuwe werk wanneer jy dit so bitter nodig het. Daardie hulp wat kom deur iemand van wie jy dit nie verwag nie. Daardie barmhartige Samaritaan wat omgee sonder om jou te ken.**
**Hoeveel keer nóg gaan die mooiste klanke van musiek by jou verbygaan wat jou emosioneel aanraak wanneer jou ore dit nodig het om dit te hoor? Net 12 note wat in ontelbare patrone gerangskik kan word in eenvoudige melodieë, maar soms ook uiters ingewikkelde patrone wat oor hordes genres span. Musiek waarmee die Here se lof besing word, of musiek wat jou hartsnare roer, musiek waarmee die mooiste liefde vir mekaar besing kan word. Musiek wat deur die mens geskep word, wat nie deur enige dier gerangskik en weergegee kan word nie. Maar, die Here laat tog 'n voëltjie 'n bekende geluid voortbring, elkeen na sy aard, op so 'n manier dat jy hom kan herken sonder dat jy hom sien.**
**Hoeveel keer gaan jy dit nóg miskyk dat die Here met slegs 26 letters van die alfabet, in menige kombinasies, woorde vorm waardeur Hy Homself aan die mens openbaar? Woorde voortgebring deur vele skrywers, oor meer as 'n duisend jaar, wat oor en oor Sy liefde vir die mens beskryf.**
**Hoeveel keer gaan jy nog die wonder van tegnologie miskyk wat die lewe van die mens verbeter (ongelukkig nie altyd nie), wat onder andere maak dat elke mens op aarde nou sy Woord kan hoor en lees, selfs in geslote lande.**

**Hoeveel keer gaan jy dit nog miskyk dat dít wat die Here aan die mens openbaar en laat ontdek, maak dat jou liggaam kan herstel met medikasie, ingenieurswese en innovasie wat enkele jare gelede nie bestaan het nie.**
**Hoeveel keer gaan jy nog die wonderbaarlike skoonheid van ons eie land en sy mense miskyk omdat jy glo dat die antwoord tot 'n aangename en gelukkige bestaan elders lê?**
**Hoeveel keer gaan jy nóg die seëninge wat die Here vir jou skenk miskyk, omdat die "Jones next door" se lewe beter lyk as joune? Of dat jy ongemaklik is met jou uiterlike omdat ander beter lyk. Moenie ander se uiterlike met jou innerlike vergelyk nie. Jy is presies só geskape as wat die Here jou beplan het.**
**En so kan ons aangaan en aangaan om die Here mis te kyk in 'n wêreld waar alles beslis nie volmaak is nie, maar dat die goeie hoofsaaklik oor die slegte seëvier, ás jy lus is om dit raak te sien en nie net vasgevang is in die woorde van die doemprofete wat alles om hulle haat en verag nie.**

**Mag die Here in hierdie dag vir jou uitbundige vrede en vreugde laat ervaar in dít wat reg voor jou oë is, dít wat jy kan voel, hoor, sien en ruik.**

**As jy daarop ingestel is, is dit onmoontlik om Hom mis te kyk.**
**As jy wil...**
**Geleen: Willem Botha, www.heuning.co.za**

~~VoedselFees~~

ons is nou die

# Basaar!

Kom **HELP** ons met skenk van bestanddele, bak en brou, en help met verkope op die dag van ons **BASAAR** wat gehou word op ***Saterdag 29 Augustus '26!***

Wie kan help? Enige man of dame is welkom! Of jy nou wil deeg rol vir die koekies, poeding maak, wors braai, cupcakes bak, bydrae maak tot die naaldwertafel, ens., ons het jou hande nodig!

**Skakel asb. vir Apolonia op 082 507 7091 of Annette op 076 286 2052 as jy kan help**

**"We need all Hands on Deck!" Wees deel van die GROOT dag!**

## Aan elkeen wat die week verjaar:

*Mag God se rykste seën*
*neerstort oor jou.*
*Hope Liefde, Genade, Vrede en Lag.*
*Mag julle deur Liefde omring word.*
*Genade ontvang van ons Vader,*
*Vrede ervaar en*
*Lag saam met geliefdes.*
*Baie geluk met julle verjaarsdag.*



# WINTERWARM IN JULIE

## *DEEL DIE WARM DIE WINTER!*

ONS MAAK BYMEKAAR

**SERPE | KOMBERSE | BEANIES**

**Ons wil graag dankie sê vir al die besige hande wat vir ons mussies hekel/brei. Ons benodig egter ook nog Serpe en Komberse asb. Jy mag dit self maak, of self koop, dit maak nie saak nie.**

AANBIDDING EN BARMHARTIGHEIDS BEDIENING

OORGEE • OMGEE • AANGEE

JY KAN AFLEWER BY

die Kerkkantoor of Sondae in die boks by die voorportaal los.

***VOOR 30 JUNIE***



# THE WORLD NEEDS A FATHER

Empowering men to bring heaven to their homes & communities

# MANNE NAWEEK

Lourensrivier-Strand

**... Alle manne 18 tot 80 welkom!**

## SAVE THE DATE: 14-16 AUG

## PLEK:

NG Kerk Lourensrivier
55 Jenning Street,
Strand

RSVP 12 Aug 2026

## KOSTE:

- R300 per persoon
- Werkboek ingesluit
- Saterdag middagete ingesluit

## PROGRAM:

| | | |
|---|---|---|
| Vrydag: | 1800 - 21:30 | |
| Saterdag: | 8:30 - 17:00 | |
| Sondag: | 9:00 | Erediens |
| | 11:00 - 14:30 | |

**Vrydag en Saterdag: Net mans**
**Sondag: Mans en hul vrouens**

## BESPREKINGS

Kerkkantoor
021 853 5991

## AANBIEDERS:

Dries van Jaarsveldt
Eric Swanepoel





# Jong Gesinne Bediening

*Ons nooi graag alle jong gesinne, jong getroudes, die wat op trou staan en ouers met klein kindertjies (Babas/peuters/kleuters) uit om deel te word van 'n lekker sosiale groep by die kerk.*

*Die hart agter die groep is eenvoudig om mekaar te leer ken, te ondersteun en saam in hierdie seisoenvan die lewe te groei.*

*Daar word 'n lekker afskop geleentheid beplan binnekort maar vir nou kan jy die skakel hieronder volg as jy deel van die groep wil raak.*

*Ons is opgewonde om saam in geloof hierdie seisoen van die lewe aan te pak.*

*Versprei die woord, en sluit asb. aan.*

*Groete, Dané Kotze*

"Scan" die QR kode wat jou na die skakel toe sal neem

Lourensrivier-Strand

# Snuffel MARK



**Datum:** Woensdag, 24 Junie

**Plek:** Kerksaal

**Tyd:** 11:30



## NUWE KUIERPLEK, NUWE HERINNERINGE...

*Die bestuur en inwoners van Huis Jan Swart*

nooi die **gemeenskap** uit na ons spesiale **Opedag** ter opening van ons nuwe koffiewinkel en sitkamer/stoep.

**Datum: 26 Junie 2026**
**Tyd:** 10am - 3pm
**Adres:** Lourensrivierweg 120, Strand

Toegang is gratis en ons bederf jou graag met **komplimentêre tee, koffie** en **lekker verversings** terwyl ons gesellig saamkuier met goeie musiek.






Lourensrivier-Strand

# Snuffel MARK



**Het jy papiersakke by die huis wat jy nie weet wat om mee te maak nie?**
**Die SnuffelMark het dit nodig!**
**Bring dit asb. vir ons na die Kerkantoor.**

Reuse · Recycle · Reduce



**Almal is baie welkom! Skakel asb. die kerkkantoor indien jy belangstel om saam te kamp**

**Kampterrein:** Khomeesdrift buite Riviersonderend
**Karavane:** Ja
**Krag:** Nee

Save the Date · Save the Date · Save the Date ·

## Gemeente Kamp!

## 16-18 Oktober '26

# Basaar

## 29 Augustus

Nuut

## <u>*Handwertafel 2026*</u>

Laat Jou Talente Skitter by Ons Handwerktafel!
Ons nooi alle flukse dames en mans hartlik uit om vanjaar 'n kreatiewe bydrae tot ons Handwerktafel te maak.

Dit is jóú kans om met jou unieke talente te spog en terselfdertyd ons Voedselfees te ondersteun!

Ons is op soek na die volgende (maar nie beperk) handgemaakte items:

- Naaldwerk & Tekstiel: Tafelnette, Vatlappe, Voorskote, Wasgoedsakkies, Wasgoedpennesakkies, Denimsakke, Inkopiesakke.
- Brei- & Hekelwerk: Bedsokkies, Popklere, Sagte Speelgoed en Truitjies.
- Houtwerk: Kreatiewe Speelgoed, Broodplanke.
- Borduurwerk:

**Spesiale Hoogtepunt!**
Daar sal vanjaar 'n PRAGTIGE, handgemaakte Quilt op die dag te koop wees.
Moenie hierdie kunswerk misloop nie!
Bring asseblief jou skenkings na die Kerkkantoor teen nie later as 24 Aug.
Baie dankie vir julle oop hande en kreatiewe harte!
***(Dit wat nie verkoop nie, moet julle asb. weer terug neem)***



Lourensrivier-Strand

# Dinamiet Kiedz en Beloftelanders

## GRAAD R-7

## PROGRAM

14 Junie Langnaweek
21 Junie Kwartaal afsluiting

**VIR MEER INLIGTING - SKAKEL GERUS VIR TANNIE KARIN**

**083 653 0654**

**<u>ONTHOU!</u>**

Elke Ssondag, ons kom eers in die kerk bymekaar en sal dan na die saal verdaag

***Verhuis jy na 'n ander Gemeente of dorp? Ons wil graag vir jou kan totsiens sê. Skakel asb. die Kerkkantoor en laat ons asb. weet***



Lourensrivier-Strand

# LIFELINE JEUG

Ons sien julle Sondagaand vir ons kwartaal afsluiting, 18:00 tot 19:00 by die kerk. Ons gaan die kwartaal afsluit met lekker Praise & Worship, so nooi gerus julle vriende saam om saam met ons die Here se naam te loof en prys.

Sien julle Sondag!



# EVANGELISM EXPLOSION

## HELDERBERG

## Skool vir Evangelisasie

## *Getuienis & Uitreik Bediening Toerusting*

***Weekliks, Julie - Oktober '26***
***Gemeentes vat hande en belê saam in 'n effektiewe Evangelisasie Aksie***
***Elke Gelowige en Gemeente is welkom***

### *Waarom jy EVANGELISM EXPLOSION Getuienis Toerusting benodig:*

Een van die grootste werklike vreugdes wat gelowiges kan ervaar is om die Evangelie van God se liefde en Verlossing te kan deel. Dit maak jou deel van dié grootste wonderwerk wat God in menselewens kan doen. Dit is ons kern-bediening.

Baie gelowiges weet dat Christus wil hê hulle moet getuig - maar hulle vra: ***HOE?***

**EE Evangelisasie Toerusting help jou gemeente:**

- 'n Vars visie en geesdrif ontwikkel om mense vir die Here te wen.
- 'n Hernude passie ontdek vir getuienis as God se roeping vir elkeen.
- Doelgerig struktureer tot evangelisasie bemagtiging vir alle gelowiges.
- Met vreugde uitreik in jou omgewing as deel van jou bedieningprogram.
- Groei deur vriendskappe te ontwikkel en die Evangelie te deel.
- Passievolle Evangelie getuienis as lewenswyse-opdrag te leef.
- Met 'n aanpasbare, effektiewe bedieningsprogram vir jou eie gemeentegroei.

Toerusting sluit in praktiese in-diens-opleiding as deel van 'n uitreikgroep in die omgewing bwv. kontakmaak, verhoudingsbou en deel van die Evangelie.

*Met waardering word die fasiliteite gebruik van:*

**NGK Lourensrivier-Strand**
H/v Broadway Blvrd &
Da Gamastr.
Strand

**Dinsdae 18:00 - 19:15**

- Jul 21,28
- Aug 4,11,18,25
- Sept 15,22
- Okt 13,20,27

**R80 per persoon**
Sluit in:

- Toerustingsmateriaal
- Uitreik hulpmiddele en
- Sertifikaat

***Verversings en etes word gesteun deur 'n vrywillige liefdesoffer.***

Bespreek

Bespreek asb. jou plek
**nie later nie as Ma. 13 Julie**
by **Bernice 021 853 5991**

***EE Dosent: Chris Bester***
***082 444 5685***

***"Almal te saam... vir die Een Naam." Kom ons hou Evangelisasie Roeping ons kern-besigheid!***

# Skakel gerus die organiseerders as jy betrokke wil  raak by die projek

## ***Maak 'n Blywende Impak by Kay's Community in samewerking met CEYCrossfit!***

*Ons nooi jou instansie uit om saam met ons te werk aan die dringende opgradering van die ablusieblokke by Kay's Community in die Strand. Ons kombineer vaardighede, materiaal en mannekrag vir 'n volhoubare projek.*

**Ons Aksieplan is verdeel in 3 Vlakke:**
Vlak 1 (Dringend): Herstel van mure, vervanging van toilette, stortdreine en deure.
Vlak 2 (Funksie): Nuwe wasbakke, stortkoppe en weervaste matte.
Vlak 3 (Waardigheid): Vloerteëls, spieëls, 'n gemeenskapgroentetuin en sonwaterverwarmers.


**Hoe om betrokke te raak (Geen kontant nodig nie):**
Skenk materiaal of arbeid: Ons soek loodgieters, elektrisiëns, teëlsitters en boumateriaal.
Bydraes in natura: Skenk mediese/veearts-dienste, verf, tuindienste of plante.
Bring jou span: Kom help self op 'n bou-dag as 'n spanbou-aktiwiteit.
Ondersteun "Kay se Winter Spele": Neem deel aan ons CrossFit-uitdaging op 20 Junie 2026 by CEYCrossfit, of skenk kos, klere en komberse.

**Deursigtigheid & Erkenning:**
Vennote kry prominente erkenning op 'n bord by die ablusieblokke, sosiale media-blootstelling en 'n Artikel 18A-belastingsertifikaat.
Skenkings gaan na: FNB | Kay's Winter Games Stokvel | Rekno: 6320 9111 599.

**Kontak ons vandag nog:**
Abrie (abrie@ceycrossfit.co.za) of
Stephanie (stephanie@elevationpartners.net).
*Ons is beskikbaar vir vergaderings of verdere navrae!*

CEY CrossFit

*Changing lives through Fitness*
Fabriek Street, Gants Center, Strand
076 973 7414 / 072 6822 584
Intagram: @C.E.Y.CROSSFIT
Facebook: crossfitcey.co.za



Jy kan ook jou **Dankoffer en Bydrae**s vir die gemeente deur die ZAPPER selfoon toepassing gee.

**Bank inligting:**
Lourensrivier Gemeente ABSA (Strand)
Takkode: 334-312
Reknr.: 420 580 231
Verwysing: naam en van
e-pos aan: fin@lourensrivier.co.za

zapper pay with MasterCard VISA and many more
www.zapper.com
scan to pay this bill

Kontak die kerkkantoor om in te skakel, of vir meer inligting: 021 853 5991

**RAPHA VROUE**
Elke tweede Maandag.

**SENIOR MANNE**
Woensdae 08:30 voor in kerk

**VROUEGROEP**
Woensdae 09:00 in die gebedskamer

**MANNEGROEP**
Vrydae 05:30 in die Konsistorie

**Kontak ons gerus : 021 853 5991**
Predikant: Ds. Derick Boonzaaier
derick@lourensrivier.co.za

**Admin kantoor-ure**
Maandag: 09:00 - 14:00
Dinsdag - Donderdag: 08:00 -14:00
Vrydag: 08:00 -13:00
Skriba: admin@lourensrivier.co.za

**Finansies kantoor-ure**
Maandag: 09:00 -12:30
Dinsdag - Vrydag: 08:00 -12:30
Finansies: fin@lourensrivier.co.za

**Gemeente-Webblad**
https://lourensrivier.co.za/

**BESOEKERS / NUWE LIDMATE**
In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken.

As jy 'n **GEBEDSVERSOEK, of 'n HUISSBESOEK VERLANG**, vul dit ook in die boekie in.
Of stuur jou navraag/versoek na admin@lourensrivier.co.za
Kontak Ds. Derick direk vir enig besoeke of afsprake 082 333 6012

Stoor (save) asb. die nommer op jou selfoon - anders kan jy dalk nie die boodskappe kry nie
***Lourensrivier-WhatsApp Groep***
Stuur 'n WhatsApp met jou naam na
Ds. Derick: 082 333 6012 of
Lémari: 082 692 9086
as jy op die kerk se WhatsApp groep wil wees.

Lourensrivier-Strand

**ONDERSTEUN asb.**
**PLAASLIK**
**voordat daar niks meer**
**PLAASLIK**
**is om te ondersteun nie.**

Shop Local


MARIUS STENEKAMP ATTORNEYS
Unit 2, Little Greece
George Str, Strand
P.O. Box 1170, Strand, 7139
Tel: 021 837 1235/6
Fax: 086 274 2003
Cell: 084 448 4429
marius@stenekamp.co.za
www.stenekamp.co.za

Secure SE
FIRM. FIXED. SAFE
Secure SE Pty Ltd
Reg.no. 2019/270620/07 | PSIRA no. 4606196
stephan@securese.co.za
084 499 5858
www.securese.co.za
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

CAM LIVE VISION
FOR ALL YOUR MONITORING AND SECURITY NEEDS
Cam Live Vistion Pty Ltd
Reg.no. 2010/003490/07 | PSIRA no. 2185751
info@camlivevision.co.za
021 851 6023
www.camlivevision.co.za
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

Blue Crane Funerals
For all your funeral arrangements.
Vir al jou begrafnis reëlings.
TEL: (021) 853 3952
10 Gordons Bay Road, Strand
info@bluecranefunerals.co.za
www.bluecranefunerals.co.za

VOLANTRA ORBITAL
The power to protect
Volantra Orbital Pty Ltd
Reg.no. 2014/183888/07 | PSIRA no. 2707006
info@volantra.co.za
021 851 6023
www.volantraorbital.co.za
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

Flaméros®
CHICKEN GRILL
187 Main Road, Strand
021 854 7774

FTH ACCOUNTANTS
The name you can ACCOUNT on
Floris Ter Haar
Professional Accountant (SA)
SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF PROFESSIONAL ACCOUNTANTS
Tel: 021 853 4266
Cell: 082 741 7076
Fax: 088 021 854 5741
E-mail: floris@fthacc.co.za
20 Conradie Street
Strand, 7140
Skype: fterhaar

HELDERBERG
HBP
BUILD & PAINT
CHAPPIE JACKSON (STUART)
info@hbp-group.co.za • 082 872 6830
www.hbp-group.co.za

Het jy hulp nodig om finansiële sekerheid te kry?
Willie Fourie
Senior Finansiële Beplanner
021 853 2179
082 468 1099
admin@arcani.co.za
Ek kan jou behulpsaam wees met:
- Finansiële beplanning
- Lewensdekking
- Ongeskiktheidsdekking
- Spaar en beleggings
- Aftreebeplanning
- Spaar vir opvoeding

Sanlam Lewensversekering Beperk is 'n gelisensieerde lewensversekeraar, 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en 'n geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP43).
Sanlam
Lewe met sekerheid